**Donderdag 2 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:1 – 2: 3(AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:1**
**Gód het alles in die begin geskape**

Die Woord van die Here begin met die woorde: *In die begin …* Hierdie woorde laat jou verstand duisel! Dit is te groot vir die menslike verstand om te verstaan. Daar was niks nie, behalwe God. Tóé het God die hemel en die aarde geskape. In die begin is nie soseer ’n aanduiding van tyd nie, maar ’n verwysing na God se grootheid, mag, majesteit en onvergelykbaarheid.

Die almagtige God het alles geskape. Teenoor die evolusionisme wat beweer dat alles spontaan ontstaan en verder ontwikkel het, is die Woord baie duidelik Wie die Skepper is. Gód het geskape! Daarmee het die Koning sy Koninkryk tot stand geroep. God is Koning oor die hele skepping. Alles en almal is aan Hom onderworpe.

God het in ses skeppingsdae alles geskep. God het geskep deur te spreek. Hoe ’n almagtige God is Hy net nie! Ons hoor ook elke keer: *En dit was aand en dit was môre …* Dus ’n spesifieke tydperk. Toe God alles geskep het, het Hy dit goed gedoen. Dit wat vandag fout gaan in die wêreld, is nie omdat God foute met die skepping begaan het nie. Nee, die sondeval het ’n afgryslikheid oor die hele skepping gebring (Gen. 3). Daardeur het die hele skepping onder die oordeel gekom. Alle verhoudinge is daarmee versteur, veral die verhouding tussen God en die mens. Die dood en ellende en swaarkry het toe in die wêreld ingekom.

In sy genade het God in Genesis 3:15 die Moederbelofte gegee om die versteurde verhoudinge te herstel. Hy het dit gedoen deur die koms van sy Seun, Jesus Christus. Sy werk kom eintlik neer op ’n nuwe skepping. Deur Jesus is nuwe lewe moontlik. God se Gees bewerk die nuwe lewe deur die geloof in Jesus Christus.

Die geskiedenis stuur af op die dag wanneer alles nuut gemaak sal word. In Openbaring 21 word aan ons die nuwe hemel en die nuwe aarde beskryf.

Ons kan in hierdie lewe vol probleme daaraan vashou dat God in beheer is. Herken Hom te midde van die dreigende chaos. Sien Hom raak ten spyte van die duisternis.

*Sing: Psalm 8-1:1*

*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*